

WENNERS

Kleuterskool
Visvanger str. 52
Rooihuiskraal
Tel: (012) 661-9792

Faks: (012) 661-9792
Posbus 1467
Rooihuiskraal
0154

Naskool
Visvanger str. 27
Rooihuiskraal
Tel: (012)661-7756

Naskool Informasie

Algemene Inligting

Alle kledingstukke moet asb. gemerk word. Geen verantwoordelikheid word aanvaar vir enige artikels wat verlore raak nie.

Ons aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige speelgoed wat skool toe gebring word nie. Kinders met aansteeklike siektes mag nie die skool bywoon nie.

Onderriggelde

Deposito gelykstaande aan 1 maand se betaling is betaalbaar met registrasie.

Alle fooie is vooruitbetaalbaar voor of op die 3de van elke maand.

Rente van 15% sal gehef word op laat betalings.

Betalings deur die internet kan gedoen word na die volgende rekening:

Wenners Kleuterskool en Naskool
Standard Bank Centurion (012645)
Rekening Nommer: 410408980 V
erwysing: U kind se naam

Een kalendermaand se skriftelike kennisgewing word vereis indien u u kind tydens die maande Januarie tot Oktober wil onttrek. Geen kennisgewing van onttrekking sal aanvaar word vir die maande November en Desember nie.

Alle fooie is betaalbaar - al is u kind afwesig as gevolg van siekte of vakansie.

'n Gewone maand se skoolfooie is betaalbaar vir die maand Desember.

Skooltye

Tot 17:30. 'n Boete is betaalbaar vir kinders wat laat afgehaal word.

Oop gedurende skoolvakansies. Sluit ongeveer 2 weke in Desember.

Gedurende skoolvakansies open die naskool 08:00. Kinders kan vanaf 06:30 by die kleuterskool afgelaai word.

WENNERS

Kleuterskool
Visvanger str. 52
Rooihuiskraal
Tel: (012) 661-9792

Faks: (012) 661-9792
Posbus 1467
Rooihuiskraal
0154

Naskool
Visvanger str. 27
Rooihuiskraal
Tel: (012)661-7756

Tuiswerk

Huiswerk word gedoen tydens studietye. Indien 'n kind nie huiswerk het nie, sal van hom verwag word om homself besig te hou deur bv. te lees.

Elke kind moet sy eie skryfgereedskap bring.

Huiswerk word in ooreenstemming met die huiswerkblaadjies gekontroleer. Kontak ons asb. indien daar enige probleme is, sodat ons daaraan kan aandag gee.

Vervoer

Die skoolbussie vervoer kinder gratis na aktiwiteite in Rooihuiskraal.

'n Fooi is betaalbaar vir aktiwiteite buite Rooihuiskraal.

Die middagbussie neem kinders huis toe om 16:00. 'n Bykomende fooi is vir hierdie diens betaalbaar.

Afhaal van Kinders

Indien 'n kind deur iemand anders as sy ouers afgehaal word, moet die skool in kennis gestel word.

Indien u kind nie die naskool sal bywoon nie, moet u asb. die naskool laat weet, sodat ons nie onnodig na u kind soek nie.

Snoepie

Snoepie is beskikbaar nadat huiswerk voltooi is.

Swem

Kinders swem gedurende die somer onder toesig.

Apparaat en Speelgoed

Kinders wat enige skade aan die gebou, toebehore, boeke, speelgoed ens aanrig, sal verantwoordelik wees vir die herstel of vervanging van sodanige eiendom.

Toelating

Die skoolbestuur behou die reg voor van toelating.